# JUFFROU ANRI-WENKE #7

## Samewerkingsgeleentheid met LAPA-Uitgewers

---

### VERSKILLENDE OPSOMMINGSMETODES VIR EFFEKTIEWE STUDIE

Wanneer die eksamentyd aanbreek, sien ons dikwels dat leerders met hope leerwerk sit en nie weet waar om te begin nie. Hulle lees en lees sonder om regtig te verstaan, want hulle gebruik nie 'n strategie nie.

Deur verskillende opsommingsmetodes aan te leer, kry elke leerder die geleentheid om te ontdek wat vir húlle werk. Dis nie net 'n manier om te leer nie ... Dis 'n manier om te dink, organiseer en verstaan.

**1. Die sleutelwoord-metode**

**Wat is dit?**

Hierdie metode fokus op die belangrikste woorde in 'n teks, nl. die kernbegrippe wat die betekenis dra. In plaas daarvan om sinne te herskryf, kies die leerder net die sleutelwoorde wat die hoofgedagte vasvang.

**Hoe om dit te doen:**

1. Lees die paragraaf stadig deur.
2. Onderstreep net 3-5 sleutelwoorde per paragraaf.
3. Skryf dit puntsgewys op 'n aparte blad neer.
4. Gebruik kleure om verskillende temas of onderwerpe uit te lig.

**Voorbeeld:**

Teks: "Plante gebruik sonlig, water en koolstofdioksied om kos te maak. Hierdie proses word fotosintese genoem."

**Sleutelwoorde**: Plante – sonlig – water – koolstofdioksied – fotosintese.

**Waarom dit werk:**

Hierdie metode help leerders om die essensie van die teks te begryp. Dit bou begrip, veral vir visuele leerders.

© JUFFROU ANRI
www.juffrouanri.com

**2. Die kolpunte-metode**

**Wat is dit?**

Die kolpunte-metode verander lang paragrawe in kort, bondige punte. Dit is ideaal vir feitlike inligting, of wanneer die leerder vinnig die hoofgedagtes wil hersien.

**Hoe om dit te doen:**

1. Lees die teks deur en identifiseer elke paragraaf se die hoofidee.
2. Skryf kort frases of enkele sinne puntsgewys onder mekaar neer - net genoeg om die betekenis te behou.
3. Gebruik 3-6 kolpunte per onderwerp.

**Voorbeeld:**

**Onderwerp**: Redes waarom mense oefen:

- Verbeter gesondheid
- Bou spiere en uithouvermoë
- Verlig stres
- Verbeter slaap

**Waarom dit werk:**

Kolpunte help leerders wat graag met duidelike struktuur en volgorde werk. Dis maklik om te lees en vinnig om te hersien.

**3. Die spinnekopdiagram / breinkaart**

**Wat is dit?**

'n Spinnekopdiagram / breinkaart illustreer die verwantskappe tussen idees. Die kernbegrip staan in die middel, en sleutelwoorde vertak daaruit.

**Hoe om dit te doen:**

1. Skryf die kernbegrip in die middel van 'n bladsy.
2. Trek lyne na sleutelwoorde (byvoorbeeld "rede", "voorbeelde", "gevolge").
3. Voeg kleiner takke vir detail of voorbeelde by.
4. Gebruik verskillende kleure vir elke tak.

Voorbeeld:




**Waarom dit werk:**

Hierdie metode help visuele en kreatiewe leerders om verwantskappe tussen idees te sien eerder as om net feite te onthou.

**4. Die paragraaf-opsomming**

**Wat is dit?**

Leerders herskryf 'n teks in hul eie woorde, maar fokus slegs op die hoofgedagtes. Dis ideaal om leesbegrip te versterk.

**Hoe om dit te doen:**

1. Lees die oorspronklike teks twee keer.
2. Onderstreep sleutelwoorde.
3. Skryf 5-7 sinne, in paragraafvorm, wat die kern van die teks weergee.
4. Moenie die sinne kopieer nie. Herskryf dit in jou eie woorde, asof jy die konsep vir jouself verduidelik.

**Voorbeeld:**

**Oorspronklike teks:** "Die son is die belangrikste bron van energie vir lewe op aarde. Sonder sonlig sou plante nie kon fotosinteer nie, en diere sou geen voedsel hê nie."

**Opsomming:** "Die son gee energie wat plante en diere nodig het om te oorleef."

**Waarom dit werk:**

Hierdie metode help leerders om inligting te verwerk en taalvaardigheid te ontwikkel. Hierdeur leer die leerder ook hoe om inligting in sy/haar eie woorde te skryf.

© JUFFROU ANRI
www.juffrouanri.com

### 5. Die tabel- of vergelykingsmetode

**Wat is dit?**

Hierdie metode help om onmiddellik die verskille en ooreenkomste te sien - perfek vir vakke soos Geskiedenis, Natuurwetenskappe of Lewensoriëntering.

**Hoe om dit te doen:**

1. Teken 'n tabel met twee of drie kolomme.
2. Skryf die temas bo-aan, byvoorbeeld "Saturnus - Mars".
3. Vul die feite of eienskappe onder elke tema in.

Voorbeeld:

| Eienskap | Plante | Diere |
|---|---|---|
| **Beweging** | Bly op een plek. | Kan beweeg. |
| **Voeding** | Maak eie kos (fotosintese). | Eet ander organismes. |
| **Selle** | Het selwande en chlorofil. | Het nie selwande nie. |

**Waarom dit werk:**

Tabelle help om groot hoeveelhede inligting maklik te vergelyk en te onthou. Dis perfek vir visuele leerders.

## Vir Onderwysers:

Gebruik een van hierdie metodes as 'n aktiwiteit. Gee vir elke groep dieselfde teks, maar laat elke groep dit op 'n ander manier opsom. Wanneer hulle die resultate vergelyk, sien hulle self hoe verskillende maniere van opsom tot dieselfde begrip kan lei.



**Sterkte met die eksamens.**

**Liefde**

**Juffrou Anri**

© JUFFROU ANRI
www.juffrouanri.com